Skoolreëls / School Rules

Elke leerder wat toelating kry tot die Hoër Meisieskool La Rochelle, onderwerp haar aan die gedragskode van hierdie skool, aangesien sy saam met 'n ouer / voog die toelatingsvereistes onderteken het.

'n Leerder verteenwoordig **te alle tye** die skool en daar word verwag dat leerders *oral en altyd* lojaal teenoor die skool sal optree en dat hul gedrag en voorkoms binne en buite die skool van so 'n aard sal wees, dat dit nie slegs hulself en hul ouers nie, maar ook die skool tot eer sal strek.

1. **ALGEMEEN**

1.1 Daar word van alle leerders verwag om te alle tye **hoflik** en **bedagsaam** te wees. Taalgebruik moet ook te alle tye onberispelik wees.

1.2 Opdragte van 'n personeellid, Studenteraadslid en leerderleier moet spoedig gehoorsaam word.

1.3 Leerders moet opstaan wanneer 'n personeellid 'n klaskamer binnekom of verby hulle op die terrein stap.

1.4 Aan die begin van 'n periode staan leerders op en groet die personeellid. Leerders verlaat nie die klas voordat die personeellid hulle verdaag het nie.

1.5 Van leerders word verwag dat hulle besoekers aan die skool sal groet en ook personeellede wanneer hulle buite skoolverband raakgeloop word. Aanspreekvorms vir volwassenes: Mnr, Mev, Mej of Juffrou.

1.6 'n Saalbyeenkoms is 'n ***formele*** geleentheid en daar word van leerders verwag om die saal op 'n ordelike wyse binne te gaan, hulle plekke in te neem en doodstil te sit vir die duur van die hele seremonie. Die saal word op dieselfde ordelike wyse verlaat.

Skoolbaadjies is verpligtend en geen reënbaadjies mag gedra word nie. Waterbottels mag nie na die saalbyeenkoms geneem word nie.

1.7 Tussen periodes moet wisseling ordelik, vinnig en glad verloop, sodat leerders betyds vir die volgende klas opdaag.

1.8 Na pouses moet leerders, nadat die klok gelui het, so gou as moontlik na die volgende klas beweeg.

Every learner who ia admitted to La Rochelle Girls' High School, subjects herself to the Code of Conduct of this school, as she, together with her parent / guardian signed the admission requirements.

A Learner represents the school **at all times** and it is expected that learners will be loyal to the school everywhere and at all times and that their behaviour and appearance inside and outside the school will honour themselves, their parents, as well as the school.

1. **GENERAL**

1.1 All learners are expected to be courteous and considerate at all times. Language usage must also be irreproachable at all times.

1.2 Instructions from a teacher, Student Council member and learner leader must be obeyed promptly.

1.3 Learners must stand up when a teacher enters a classroom or walks past on the premises.

1.4 At the start of a period, learners stand up to greet the teacher. Learners do not leave the class before the teacher dismisses them.

1.5 Learners are expected to greet visitors to the school, as well as teachers when they are encountered outside the school. Forms of address for adults: Mr/Sir, Mrs, Miss, or Ma'am.

1.6 Assembly is a ***formal*** occasion and learners are expected to enter the Hall in an orderly manner, to take their seats and to be quiet for the duration of the proceedings. The Hall is also vacated in the same way.

School blazers are compulsory and no rain jackets may be worn. Water bottles may not be taken to Assembly.

1.7 Changing classes must occur in an orderly manner, so that learners arrive timeously at the next class.

1.8 After breaks, learners must proceed to the next class as quickly as possible after the bell has rung.

1.9 Niemand, behalwe die skoonmakers, mag voor skool of tydens pouses op enige plek in die skool sonder toestemming wees nie. Geen leerders mag voor skool of gedurende pouses in ‘n eksamenlokaal wees nie.

1.10 Leerders wat laat kom vir rye, moet by die voorste hek inkom en diegene wat later kom, moet by Kamer 19 inteken.

1.11.1 **'n Leerder wat onderneem het om 'n buitemuurse aktiwiteit te beoefen, moet die oefeninge bywoon. Indien daar 'n geldige rede bestaan waarom dit nie moontlik is nie, moet sy die rede VOOR die tyd aan die personeellid verstrek.**

1.11.2 **‘n Leerder wat onderneem het om deel te wees van ‘n span/aktiwiteit, is verplig om die hele seisoen lojaal aan die span/aktiwiteit te bly. Kosgangers wat wedstryde op 'n Saterdag speel, mag eers NA die wedstryd huis toe gaan.**

1.12 Die skoolterrein, geboue en kleedkamers moet te alle tye onberispelik gehou word. Alle rommel moet in die vullishouers gegooi word.

1.13 Slegs graad 12-leerders mag in die Leersentrum studeer. Hierdie voorreg kan ontneem word ná onaanvaarbare gedrag.

1.14 Studieperiodes is ‘n VOORREG en leerders moet dit as sulks gebruik. Daar sal streng teen leerders opgetree word wat dit misbruik. Gr. 10-leerders word in studieklasse ingedeel.

1.15 Tydens afkondigings moet almal stilbly. Geen boeke word in dié tyd weggepak nie.

1.16 Leerders moet hul vergewis met die inhoud van die Voertuigbeleid vir Leerders ten opsigte van motorfietse (gr. 10 tot 12) en motorvoertuie (gr. 12), asook die toestemmingsbrief wat voltooi moet word.

1.17 GEEN tasse mag in die voorportaal en voor die Leersentrum, asook in die gange wees nie.

1.18 Die volgende areas mag NIE deur leerders gebruik word nie: Goue Trap, Mediakamer (personeel), kantoor van die skoolhoof en adjunkhoof, asook die finansiële kantoor, personeel-kleedkamers, kombuis en personeelkamer.

1.9 Nobody except the cleaning staff may be in any area of the school before school starts or during breaks without permission. No learners may be in an exam venue before school or during breaks.

1.10 Learners who arrive late for rows have to use the front gate and those who arrive later have to sign in at Room 19.

1.11.1 **A learner who has committed to participating in an extra-mural activity has to attend the practices. If there is a valid reason why she cannot attend, she has to tell the teacher-in-charge BEFORE the time.**

1.11.2 **A learner who has committed to being part of a team/activity, is obliged to remain loyal to the team/activity for the entire season. Boarders who play matches on Saturdays, may only go home AFTER the matches.**

1.12 The school premises, buildings and cloakrooms must be kept immaculate at all times. All litter must be thrown into the dustbins.

1.13 Only Grade 12 learners may study in the Learning Centre. This privilege may be revoked following unacceptable behaviour.

1.14 Study periods are a PRIVILEGE and have to be used as such. Strict action will be taken against learners who misuse this privilege. Gr. 10 learners are allocated to Study Period classes.

1.15 Everybody must keep quiet when announcements are made. No books may be packed away during this time.

1.16 Learners have to make sure of the contence of the Vehicle Policy for Learners with regards to motorcycles (Gr. 10 to 12) and motor vehicles (Gr. 12), as well as the concent form that must be completed.

1.17 NO schoolbags may be left in the foyer, in front of the Learning Centre, as well as in the passages.

1.18 The following areas may NOT be used by the learners: The Golden Staircase, the Media Room (staff), the principal and deputy principal’s offices, the Financial Office, the Staff Room, the staff cloakrooms and kitchen.

1.19 Slegs BLOU INK vul- of ‘rollerball’-penne is toelaatbaar.

1.20 SELFONE en ELEKTRONIESE TOESTELLE mag:

(i) slegs met toestemming van die opvoeder, vir akademiese doeleindes in die klas gebruik word.

(ii) tydens Studieperiodes en pouses gebruik word. Oorfone is verpligtend indien klank gebruik word.

(iii) nie tydens ‘n Saalbyeenkoms of enige ander formele byeenkoms gebruik word.

(iv) Leerders mag nie op hulle selfone wees en hul oorfone in hê terwyl hulle in die gange loop nie.

1.21 Niemand mag in die klasse eet of in die gange tydens wisseling van periodes nie.

1.22 **Die skool sal nie aanspreeklik gehou word vir die diefstal en/of beskadiging van persoonlike items (bv. selfone, kontant, boeke en klere) op die skoolgronde nie.**

2. **PERSOONLIKE VOORKOMS EN NETHEID**

2.1 ‘n Leerder moet te alle tye netjies en ordelik voorkom. Skooldrag moet te alle tye skoon en netjies wees.

2.2 Volle skooldrag, soos deur die skool bepaal, moet te alle tye deur die leerder gedra word. Dit is ook van toepassing op amptelike skooluitstappies.

2.3 Die skoolbaadjie **MOET** te alle tye met die wintersdrag gedra word. Die skool-reënbaadjie en -serp mag in die winter oor die skoolbaadjie gedra word.

2.4 Gedurende die somer as dit koel is, mag die skoolbaadjie gedra word. Maar, **DIE DONKERBLOU TRUI MAG NIE SONDER DIE SKOOLBAADJIE GEDRA WORD NIE**. Die kraag van die somerrok moet oor die baadjie omgeslaan wees. Wit sokkies moet net een keer omgevou word. GEEN serpe of reënbaadjies mag saam met die somersdrag gedra word nie. Reënbaadjies mag slegs op reëndae buite gedra word.

2.5 Ouers moet die skool skriftelik in kennis stel as daar ‘n geldige rede is as hul dogter nie volle skooldrag aan het nie. Hierdie brief moet deur die skoolhoof VOOR skool geteken word. Die leerder hou die brief ingeval daar enige navrae is.

1.19 Only BLUE FOUNTAIN pens or rollerball pens are permissible.

1.20 CELLPHONES and ELECTRONIC DEVICES may:

(i) only be used with the permission of the teacher for academic purposes in the class.

(ii) be used during Study Periods and breaks. Earphones are compulsory if sound is used.

(iii) not be used during an Assembly or any other formal occasions.

(iv) Learners may not be on their cell- phones and have their ear phones plugged in while they are walking in the passages.

1.21 Nobody may eat in the classes or in the passages while classes are being changed.

1.22 **The school will not be held responsible for the theft and/or damage to personal items (e.g. cellphones, cash, books and clothes) on the school premises.**

2. **PERSONAL APPEARANCE AND NEATNESS**

2.1 A learner must appear neat at all times. School uniforms should be clean and tidy at all times.

2.2 The full school uniform, as determined by the school, must be worn by the learner at all times. This also applies to official school outings.

2.3 The school blazer **MUST** be worn with the winter uniform at all times. The school rain jacket and scarf may be worn over the blazer in winter.

2.4 Should the weather be cool in summer, a blazer may be worn. The **NAVY JERSEY MAY NOT BE WORN WITHOUT THE BLAZER**. The collar of the summer dress must be folded over the blazer. White socks must only be folded over once. No scarfs or rain jackets may be worn with the summer uniform. Rain jackets may only be worn outside on rainy days.

2.5 Parents should inform the school, in writing, if there is a valid reason why their daughter is not wearing a complete school uniform. This letter must be signed by the principal BEFORE school. The learner keeps the letter in the event of an enquiry.

2.6 **Die lengte van die skoolrok is 10cm vanaf die grond en word gemeet as die leerder kniel.**

2.7.1 Juweliersware wat toegelaat word is ‘n horlosie, twee klein ring-oorbelletjies of ‘knoppie-oorbelletjies (goud of silwer) en ‘n ‘Medic-Alert’ armband indien nodig.

2.7.2 **MATRIEKS** mag pêrel-oorbelletjies wat by die Larrie-Boutique te koop is, dra. Alle ander juweliersware sal gekonfiskeer word en aan die einde van die kwartaal terugbesorg word.

2.8 Geen grimering mag gedra word nie.

2.9 Hare moet skoon en netjies wees. Lang hare moet vasgebind word. Slegs donkerblou strikke en -rekkies mag gedra word en geel deur die Matrieks. Baie lang hare moet met **TWEE** rekkies vasgemaak word. Kuiwe moet **BO** die wenkbroue wees.

2.10 Ons keur nie gekleurde hare goed nie. Ons doen dus ‘n beroep op ouers om ons in hierdie verband te ondersteun. Die personeel kan nie alleen verantwoordelik wees vir die handhawing van die hoë standaarde van netheid en voorkoms waarna ons streef nie.

2.11 Naels moet skoon en kort wees. Geen naellak word toegelaat nie.

2.12 By wedstryde moet die voorgeskrewe sportdrag gedra word. Dieselfde reëls is van toepassing wat netheid en voorkoms betref.

2.13 Alle kledingstukke waarna verwys word, is by Boutique@Larries beskikbaar. Onderklere moet fatsoenlik wees. Geen ‘ski-pants’ word onder die skoolrok toegelaat nie.

2.14 Alle leerders moet ‘n goedgekeurde donkerblou, swart of leer-skooltas met **afskortings** hê. Geen rugsakke word toegelaat nie. Geen graffiti mag op die skooltas wees nie. Die Larrie-rugsakkie is toelaatbaar gedurende eksamens en uitstappies.

2.15.1 ‘n Sweetpak is verpligtend wanneer leerders gedurende skoolure vir wedstryde na skool, moet aantrek.

2.15.2 Vir LO-klasse benodig leerders LO-klere (donkerblou kortbroek en donkerblou of geel top, swembroek en -pet), en die Larrie-rugsakkie vir LO-klere. Geen ander sakke word toegelaat nie.

2.6 **The length of the school dress is 10cm from the floor, and determined when the learner is in a kneeling position.**

2.7.1 Jewellery which is permitted includes a watch, two small sleepers or studs (gold or silver) and a Medic-Alert bracelet if necessary.

2.7.2 **MATRICS** may wear pearl earrings which is for sale at the Larrie Boutique. All other jewellery will be confiscated and returned at the end of the term.

2.8 No make-up may be worn.

2.9 Hair should be clean and tidy. Long hair must be tied up. Only dark blue ribbons and elastic bands are acceptable. Yellow ribbons may be worn by the Matrics. Very long hair must be tied back with **two** elastic bands. Fringes must be **above** the eyebrows.

2.10 We do not approve of learners with dyed hair. We therefore appeal to parents to support us in this matter. The staff alone cannot be held responsible for maintaining the high standards of neatness and appearance for which we strive.

2.11 Nails should be clean and short. No nail polish is allowed.

2.12 At matches, the prescribed sports uniform must be worn. The same rules for appearance and neatness apply during sports matches.

2.13 All articles of clothing referred to, are available at Boutique@Larries. Underwear must meet the standards of respectability. No ski-pants are allowed underneath the schooldress.

2.14 All learners must have an approved navy blue, black or leather schoolbag with **dividers**. No rucksacks are allowed. No graffiti may appear on schoolbags. The Larrie rucksack is allowed during examinations and outings.

2.15.1 A tracksuit is compulsory when learners need to change for matches during school hours.

2.15.2 For Physical Training classes, learners need PT-clothes (navy shorts and navy or yellow top, swimming costume and cap) and the Larrie rucksack for the PT clothes. No other bags allowed.

2.16 Vir sportoefeninge na skool of wanneer leerders in die winter na die gimnasium gaan, moet hulle in die volle Larrie-sweetpak geklee wees, ‘n sweetpak-bostuk en die Larrie-kortbroek in die somer, of die sportklere vir ‘n spesifieke sportkode.

2.17 **Wanneer leerders informele klere mag dra, moet dit netjies en fatsoenlik wees. Dit mag nie styfpassend en/of deurskynend wees nie. Hare en skoene moet te alle tye netjies en skoon wees**. **Geen juweliersware word op ‘n Civviesdag toegelaat nie.**

2.18 Die blou Larrie-kombers mag in die winter gedurende die eksamens gebruik word.

2.16 For sports practices after school hours or when attending the gymnasium in winter, learners must be dressed in the full Larrie tracksuit, tracksuit top and Larrie Boxer short for summer, or the sports clothes for a specific sports code.

2.17 **When learners are allowed to wear casual wear, they must wear neat, presentable clothes. Tight-fitting and/or see-through clothes are not allowed. Hair and shoes should be neat at all times. No jewellery is acceptable on Civvies Days**.

2.18 The blue Larrie blanket is permissible during the examinations.